# Fooistruktuur 2025

Junior Akademie is 'n privaat sentrum en hef dus 'n fooi ten opsigte van elke kind. Betaling hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.

2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Fooie kan volledig betaal word aan die begin van die jaar. Indien maandelikse betaling aangebied word, moet betaling stiptelik voor of op die 7de dag van elke maand geskied. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word 'n laat betaal fooi van R150 gehef. Indien fooie met 'n maand agterstallig is sal toegang tot Junior Akademie geweier word totdat fooie opbetaal is.

3. Korting van 5 % word toegestaan indien die volle jaar se gelde betaal word voor 31 Januarie. Korting van 5% word toegestaan op die skool fooie van die 2e kind wat voldag ingeskryf is en wat 'n volle jaar bywoon. Geen korting vir 2e kind wat halfdag ingeskryf is nie.

4. Bywoning mag nie verminder word deur die loop van jaar nie. U is dus aanspreeklik vir die fooi waarvoor u toelating ontvang het vir die volle jaar. Indien bywoning gekanselleer word, moet 'n kalender maand kennis gegee word. November mag nie as 'n kennis maand gebruik word nie.

5. Nuwe aansoeke – Voorkeur word gegee aan voldag aansoeke.

| **Bywoning** | **Jaar fooi** | **12maande Jan-Des** | **10 maande Feb-Nov** |
|---|---|---|---|
| Voldag | R61 320 | R5 110 | R6 132 |
| Halfdag | R45 297 | R3 775 | R4 530 |
| Korting 2e kind (Slegs voldag) | R58 254 | R4 855 | R5 826 |
| Registrasie- fooi Nuwe inskrywings | R1 000 | Betaalbaar met aanvaarding | |
| Hernuwings- fooi Huidige leerders | R800 | Jaarliks betaalbaar @ Julie | |